

Mediaverklaring

IEB uitslae wys gehalte onderwys werp vrugte af

2019-01-03

Die uitstekende uitslae van leerlinge wat verlede jaar die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se matriekeksamen geskryf het, is weereens 'n bewys dat kleiner klaskamers, goeie onderwysers en deurlopende streng gehalte beheer, vrugte afwerp.

Die IEB het Donderdagoggend aangekondig dat 98% van hul kandidate die 2018-matriekeksamen geslaag het. 90% van hierdie leerlinge het universiteitsvrystelling verwerf.

Melanie Buys, onderwysspesialis van die Skoleondersteuningsentrum (SOS), skryf die uitstekende uitslae gedeeltelik toe aan die streng gehalte beheer van onderrig en eksaminering waaraan onafhanklike skole onderwerp word. “Privaat skole moet aan ontsettende streng registrasievereistes voldoen en word gedurig gekontroleer om te verseker die skole verskaf gehalte onderrig. Disfunksionele openbare skole behoort aan dieselfde streng vereistes onderwerp te word,” sê Buys. “Onafhanklike skole kan seker maak dat leerlinge oor die nodige akademiese onderbou beskik voordat hulle na 'n volgende graad bevorder word. Meeste leerders in onafhanklike skole ontvang van vroeg in hul skoolloopbaan reeds die aandag en kundige ondersteuning wat hulle nodig het om optimaal te presteer. Goeie skole maak seker dat leerders deurlopend goeie onderrig ontvang en dat leemtes tydig aangespreek word, sodat dit nie nodig is om graad 12-leerders toe te gooi met ekstra klasse in 'n poging om sukkelende matrieks te help slaag nie.”

Buys meen die finansiële vermoë van onafhanklike skole om genoeg onderwysers van goeie gehalte aan te stel, het ook 'n invloed op uitstekende prestasies tydens die matriekeksamen. “Dit verseker dat leerlinge in kleiner klasse onderrig kan ontvang, anders as in openbare skole waar onderwysers soms tot 60 leerlinge op een slag moet onderrig. Dit is daarom kommerwekkend vir die SOS dat provinsiale onderwysdepartemente vanjaar weer onderwysposte vir openbare skole gesny het,” sê Buys.

Buys noem ook dat onderwysers in die privaat sektor op meriete beoordeel word en dat daar opgetree word teen onderwysers wat nie werk van goeie gehalte lewer nie. Swak of lui onderwysers in openbare skole word dikwels deur militante vakbonde beskerm, ten koste van leerders.

“Om druipele na matriek te bevorder en dan inderhaas noodmaatreëls soos ekstra klasse toe te pas, help nie die leerders of die onderwysstelsel nie. Matriekuitslae in openbare skole kan slegs met dié van onafhanklike skole meeding as verseker word dat gehalte onderrig deur goeie onderwysers deurlopend plaasvind,” sê Buys.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion